# SUIDER NUUS
SOUTHERN POST

VRYDAG
10 April 2020

BREDASDORP, NAPIER, WAENHUISKRANS, STRUISBAAI, AGULHAS, ELIM, KLIPDALE, PROTEM, RIVIERSONDEREND, BUFFELJAGSRIVIER, WOLVENGAT, OUPLAAS, SWELLENDAM, SUURBRAAK



MIDAS
BREDASDORP MIDAS
Tel: 028 424 1361
All Saints Street, Bredasdorp



GRATIS FREE


## POSITIVE #CORONAVIRUS CASES - OVERBERG 08/04

| WESTERN CAPE | * OVERBERG | CAPE AGULHAS | SWELLENDAM | THEEWATERS-KLOOF | OVERSTRAND |
|---|---|---|---|---|---|
| 522 | 10 | 0 | 0 | 1 | 9 |

* One patient fully recovered



Kaap Agulhas se uitvoerende burgemeester, mnr. Paul Swart, het Dinsdag die padblokkades rondom die dorpe van die suidpunt besoek wat mense verhoed om ons streek te betree sonder die nodige magtiging. Swart het elke inwoner van Kaap Agulhas se opregte dank aan die amptenare oorgedra wat die area beveilig om so te verhoed dat die virus hier uitbreek.

Swart het gesê dit was 'n voorreg om te sien hoe die verskillende departemente saamwerk. Hy het sy dank uitgespreek teenoor elke essensiële werker, die dokters, verpleegsters, paramedici, polisie, wetstoepassers en munisiaple werkers vir hul onbaatsugtige diens. "Julle verrig die diens sonder om te blik of te bloos. Julle los jul families tuis om te verseker dat ons veilig en gesond bly. Baie dankie, mag julle gesond en geseënd bly en mag die liewe Heer julle seën in elke afdeling van jul lewe."


Pavilion Sentrum, Langstraat, Bredasdorp, P.O. Box 597, Sanlamhof, 7532 Tel. (028) 424 1986 Fax. (028) 424 1048

telectro
connecting you

Dienste:
- Kontrakte
- Opgraderings
- Bybehore
- Voorafbetaalde kaarte
- Vervang van sim kaarte

• "Number Portability" (Nommer oorbring van enige ander sellulêre netwerk na die Vodacom netwerk)

vodacom

Vir enige Navrae kan u ons kom besoek of skakel.

COETZEE HEARING PRACTICE
HEARING TESTS
FITTING OF HEARING AIDS
Now at Dynamic Vision
(Van der Merwe Optometrists)
Opposite Dr Bosch's rooms
7 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
Franco Coetzee
franco@hpractice.co.za
028 424 2611
028 312 1307
Contact Lynette for an appointment

CHERRY DE BEER
OPTOMETRIST
Promosie
Gratis sonbril of leesbril met 'n nuwe bril!
(Net geldig saam met 'n nuwe raam en lense. Pakette uitgesluit)
T&C's apply
Seewier Str. 6, Struisbaai, Tel: 028 435 6454
Pavilion Sentrum No 15, Bredasdorp, Tel: 028 425 1540

# Maskers wil hulle dra - Wanneer die nood druk, staan die inwoners van ons streek steeds saam!

**Sedert die begin van die #Lockdown noodtoestand afkondiging, het die getal plaaslike inwoners wat met maskers op straat en in winkels verskyn, dramaties toegeneem. Aanvanklik was daar maar net hier en daar iemand wat dit gewaag het om met 'n gesigsmasker van een of ander aard op straat te verskyn. Deesdae, so wil dit voorkom, is diegene wat sonder 'n masker van watter aard ookal die huis verlaat, eerder die uitsondering as die reël.**

Een vir een het besighede, afdelingswinkels en vulstasies aan boord gekom en dit bring ons by die volgende gesprekspunt: die maskers self!

Op sosiale platforms word daar steeds feitlik daagliks 'n bonte verskeidenheid planne, patrone en blink gedagtes gedeel wat opgevolg kan word, sou jy die hand aan 'n tuisgemaakte masker wou waag.

### VLV lede en ander plaaslike naaldwerksters kom aan boord!

Die tema van die 2020 VLV jaar is nie verniet ***"Belê in Vroue"*** nie. Ure nadat 'n spesiale versoek deur die projek koördineerder dr Pam Albertyn, 'n plaaslike medikus, deurgegee is, is versoeke ook via die VLV platform gerig aan plaaslike naaldwerksters om hand by te sit met die maak van "skropjasse" en spesiale beskermende oorjassies vir dokters en ander mediese hospitaal personeel wat daagliks met die publiek werk. 'n Hele paar raakvatter dames het nie op hulle laat wag nie en het sonder versuim agter die naaimasjiene ingeskuif. Een van hulle was VLV veteraan Marie Spamer!

Met dié dat materiaalwinkels ook nog toe is, was die span aangewese op naaldwerksters wat dalkies net 'n paar ekstra stukke lap in die kas gehad het. Hulp het op die ou end van so ver as Ierland gekom, het Suidernuus verneem! Fotos van die kleurvolle eindprodukte in elke denkbare kleur, met of sonder blommetjies en ander vrolike en kleurvolle motiewe, het reeds op die VLV platform verskyn om te wys dat Bredasdorp se dames geen tree terugstaan wanneer daar op hulle nommer gedruk word nie.

### Soos van ouds ...

Die inisiatief en die positiewe reaksie van die kant van die publiek het sterk herinner aan die insamelingsinisiatiewe wat in die veertigerjare tydens die Tweede Wêreldoorlog plaaslik deur die Bredasdorpse Rooikruistak geloods en gedryf is om geld en gebreide artikels in te samel vir "die manne en vroue aan die front!" Vroulike lede van die bekende Van Breda-gesin van Zoetendalsvlei het hier die voortou geneem met teepartytjies en die verkoop van handgemaakte artikels.

In die Skeepswrak Museum op Bredasdorp is steeds van hierdie breiboekies met spesiale breipatrone vir "die dienende manne en vroue" te sien. Die destydse Bredasdorpse korrespondent vir al die plaaslike en Kaapse koerante, skoolmeester Mnr Potgieter, het self ook baie geskryf oor hulle projekte.

**Ora Laubscher**



**The black masks worn by Napier's Overberg Agri Garage and shop assistants remind us of movie theatre hero Zorro. The Garage shop is also "open" for business now but both garage and shop have to close at 18h00 sharp. Leaving all who forgot to "fill up" with empty petrol tanks!**





**RIGHT TOP & BOTTOM: Local needlework experts, some of them members of the local branch of the Women's Agricultural Society or VLV, reacted spontaneously when the call was received via coordinator dr Pam Albertyn for additional "scrubs" and protective clothing items for doctors and nurses at the Otto du Plessis Hospital. Although the sub districts of Cape Agulhas and Swellendam both still have a zero #Covid 19 rating, the hospital has to be fully prepared. These are some of the finished products, modelled by locals.**




DRUKWERK
Vir persoonlike diens!
Drukwerk van top gehalte!
Kerkstraat 54, Bredasdorp
Tel: 028 424 1205 E-pos: suidernuus@isat.co.za

# Napier sien om na Napier!

**Verskeie insamelings inisiatiewe is sedert die aanvang van die 21 dae inperking op Napier geloods om skenkings en bydraes van winkels en van die publiek te kanaliseer sodat sopkombuise en afsetpunte van verpakte kospakkies behoorlik kan funksioneer.**

Die aanvanklike verwarring oor wie vir wat verantwoordelik is, is na wat verneem is tydens 'n telefoniese "vergadering" waaraan alle rolspelers sou deelgeneem het, uitgestryk. Die projek word tans, ooreenkomstig voorskrifte in hierdie verband deur die plaaslike owerheid, Kaap Agulhas Munisipaliteit, gedryf en gekoördineer deur die plaaslike wyksraadslid.

Inwoners is derhalwe ook versoek om die betrokke raadslid te kontak met besonderhede rakende gesinne wat sou kwalifiseer.

Inwoners van Napier het sedertdien begin om verpakte kospakkies af te haal by die Nuwerus Nasorgsentrum wat die sentrum is waarvandaan alles uitgaan. In Bredasdorp dryf die onderskeie raadslede eweneens die verskillende inisiatiewe terwyl Struisbaaiers, wat reeds oor 'n goed geoliede sisteem beskik, ook hulle deel in hierdie verband bydra. Dieselfde patroon is, na wat verneem is, ook op Waenhuiskrans en op Elim in plek.



**Kruideniersware vir kospakkies.**



**Mense wag vir kospakkies voor Napier Nasorg.**

### Nood is groot maar inwoners gee wel gehoor

Die nood is groot onder baie inwoners wat as gevolg van die sluiting van besighede en daarmee saam, veral stukwerksgeleenthede, noustrop trek. Dit geld ook vir leerders wat in skooltyd ten minste een goeie maaltyd deur middel van die skoolvoedingsdiens wat by skole in plek is, ontvang.

Intussen wil dit voorkom asof inwoners die voorskrifte wat geld tydens hierdie tydperk van 21 dae, toenemend nougeset nakom. Daar is bitter min voertuie op straat en op die paaie wat die dorpe met mekaar verbind. Die dorpe self lyk soos spookdorpe, met die uitsondering van die parkeerterreine by die drie groot supermarkte en slegs voertuie wat hoofsaaklik met boerdery bedrywighede verbind kan word, beweeg nog ongestoord soos voorheen rond.

**Ora Laubscher**



**Verpakte kos wag om saam met ander produkte in sakkies vir aflewering gepak te word.**

**ONDER: Tesame met kospakkies wat onder die vaandel van "Greater Napier Feeding Project" vir begunstigdes op Napier bewillig word, het 'n spesiale versoek uitgegaan om onder hierdie vaandel ook bydraes vir broodnodige kospakkies vir honde en katte in die dorp op te maak. Napier is bekend as 'n dorp wat omgee vir viervoetige huismaats en sal derhalwe nooit toelaat dat troeteldiere in 'n tyd soos hierdie sonder kos bly nie. Raadslid Evelyn Sauls van Napier kan in hierdie verband geskakel word. Sy sal op haar beurt met die betrokke persoon/persone wat hierdie projek dryf skakel.**





**KAM Raadslid, me. Marjorie October besig om sop en broodjies aan honger kinders uit te deel as deel van 'n projek in die hele Kaap Agulhas gebied.**






# Palm Sondag toe en nou ....

*"Palm Sondag by die St Saviours Kerk op Napier was nog altyd en sal altyd die wegwyser bly oppad na die Kruis..." (John October)*

**Op 5 April, op Palm Sondag, het ons gaan gesels met John October, 'n meelewende en lankstaande lid van die Anglikaanse kerkgemeenskap op Napier. Hierdie jaar, anders as elke ander jaar, sal die Palm Sondag prosessie, gevolg deur lidmate – oud en jonk – nie vroeg Sondagoggend vanaf die "Overberg Agri" hoek in Volhoustraat af beweeg onderweg na die St Saviours kerk op die hoek van Wes- en Hertzogstrate nie. Dit het nog nooit vantevore gebeur nie, maar 'n inperking van gemeentelede, tesame met ander lede van die gemeenskap, onder die vaandel van 'n landswye #Lockdown noodtoestand, het ook nog nooit vantevore gebeur nie.**

Tradisies word gewoonlik oorgedra van generasie tot generasie, en uit hoofde hiervan, het Oupa John October besluit dat die palmtakke wat gewoonlik saam met die prosessie in die straat af beweeg en gewoonlik ook die ingang tot die kerk versier, hierdie jaar voor hulle woning gepak sou word. Hy het ook – ooreenkomstig die gebruik – kruisies gevou met die blare van die palmtakke. Al verskil was dat die kruisies nie hierdie jaar geseën en aan lidmate uitgedeel sou word nie.

### Die Palm Sondag en Ladies Day tradisies

Die herdenking van Palm Sondag op die Sondag wat Paasnaweek en Paassondag voorafgaan, het met die jare onlosmaaklik deel geword van die leefwêreld van Napier en sy mense. Die Palmsondag-seremonie en diens in die St Saviours gemeente op Napier, bly egter steeds een van die hoogtepunte op die dorp en die kerk kalender tydens Paasnaweek. Daardie naweek, waarvoor daar gewoonlik ook spesiale ingelegde kerrievisdisse voorberei word.

Alles het altyd reeds op die Saterdag wat Palmsondag voorafgaan begin, want dit was die dag waarop die moeders van die Anglikaanse kerk se Moedersunie, ooreenkomstig die gebruik, Kaapstad toe gereis het om so op die vooraand van Paasfees, by die hoofkerk in die Moederstad bymekaar te kom saam met ander gemeentes se moeders. Namate gemeentes gegroei het en afstande waaroor gereis moes word al groter geword het, is hierdie byeenkomste op verskillende plekke in die provinsie en met verskillende gemeentes as gasheer gemeentes aangebied. Hierdie jaar sou die Moeders van St Saviours se Moedersunie na George gereis het.

### Tradisies leef virtueel en in die voorkamers van gemeentelede voort

Tradisies en gebruike moet in stand gehou word en wanneer 'n onwelkome virus uit die bloute sy verskyning en in die proses nie alleen mense van mekaar skei en afsonder nie, maar ook kerkdeure toemaak, berus die lewendig hou van hierdie tradisies en die diepere betekenis wat daaraan geheg word, by elke individuele lidmaat.

Die palmtakke en die kruisies van palmblare is die simbole van 'n veel diepere betekenis en dit is wat Oupa John, sy gesin en tesame met sy derde generasie kleinseun, hierdie jaar aan bure en ander lede van die gemeenskap, wat tog van tyd tot tyd by hulle huis verbygestap het onderweg na die kruidenierswinkel, wou deurgee.

Suidernuus wens sy lesers 'n besonder geseënde Paastyd toe.

**Ora Laubscher**



**The tradition, however, was kept alive by grandfather John October and his little grandson as they packed palm leaves in their front garden and on the stoep and made crosses out of strips of the palmtree leaves. The event in which all congregants usually participated will this year be celebrated privately at home. The spirit of Easter, however, lives on in the hearts of the the people.**

# Kultuurhistoriese navorser oorlede

**Dr, Joan Prins, bekend in munisipale en distriksmunisipaliteite, is op Woensdag, 25 Maart na 'n kort siekbed oorlede.**



**Wyle Dr. Joan Prins. FOTO: Suid-Kaap Forum**

Dr. Prins was vroeër jare werksaam by die Bredasdorp Munisipaliteit en Overberg distriksmunisipaliteit, Sy was ook 'n speaker en oud-raadslid van die Hessequa munisipaliteit.

In 1988 skryf sy 'n boek oor die ontstaan van die N.G. Gemeente Bredasdorp vir die tydperk 1938 tot 1988. Wyle Dr Prins het haar MA and PhD grade behaal deur haar bydrae tot die Overbergstreek. Sy het 'n passie gehad vir die streek. Haar kennis oor die streek en die geskiedenis van die streek was oraloor bekend. Sy is beskryf as iemand wat 'n verskriklike ingesteldheid op presiesheid gehad het en was 'n deeglike kultuurhistoriese navorser.

Boeke deur haar wat die lig gesien het, was onder andere, *Die heerlikheid van Sy erfdeel* (Die geskiedenis van die N.G. gemeente Kleinmond), *Ek slaan my oë op na die berge* (N.G. Gemeente Adelaide), *Anker aan die Suidpunt* (N.G. Gemeente Bredasdorp) en *Werk saam, Wen saam* (Die geskiedenis van die Sentraal-Suid Koöperatiewe Lanboumaatskappy Beperk 1931 - 1991).

Wyle dr Prins en haar eggenoot Hans, was 42 jaar getroud.



**Anker aan die Suidunt, een van Dr Joan Prins se boeke wat die lig gesien het.**

***Alle advertensies kan soos normaalweg ingestuur word na suidernuusads@isat.co.za of skakel 028 424 1205 kantoor-ure.***

**Anglican Church**
**Holy Eucharist at**
All Saints' Church: 09h30
Heilige Kommunie by Kerk van Heilige Gees: 07h30
028 424 1668

**Afrikaanse Protestantse Kerk**
Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihawe
2de en 4de Sondag van die maand om 10h00
Kontakpersone:
Jan Venter 028 388 0106
Annatjie Otto 028 381 99400

**AGS Bredasdorp**
Hoopstraat 50
Erediens: 09h30
Kinderkerk tydens diens
Walters Joubert
Sel. 082 897 6065

**Betanië Pinkster**
Akasiastraat 11
Sondagoggend: 10h00
Apostel Prins
076 208 3881

**Bet-el Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Sondagaand: 18h00
028 424 1922

**Bredasdorp Catholic Church**
All Saints, Anglican Church,
All Saints Street, Bredasdorp
Every Sundays: 11h30
Christmas Service 11h30 on Christmas Day
Contact Mark
028 424 2720 / 083 232 7138

**Bredasdorp Inter-Denominational Church**
ACVV Dienssentrum
Hopley Street
Sunday Morning: 09h00
Des Moore
076 191 4832

**BAH'A"I Sentrum**
Rekreasiestraat 2
Bredasdorp
Children's
Wednesday class: 15h30
Devotional Sundays: 10h00

**Die Ou Apostoliese Kerk van Afrika**
Sondagoggend: 09h45
Sondagaand: 16h45
072 259 5246

**Elohim Apostolic Church Ministries of S.A.**
54 Brand Street
Sundays: 10h00
Apostel Freek Europa
073 451 0161

**Evangelies Gereformeerde Kerk**
Golfstraat 4, Bredasdorp
Sondagoggend: 10h00
Kinderbediening: 09h00
Sondagaand: 18h00
Leraar: Ds. Dillwyen Jones
076 571 8782 / 028 424 2847

**Every Nation Gemeente**
(Ou Apteek)
Dirkie Uysstraat 18
Bredasdorp
Sondagoggend: 09h30
Eben 082 598 9199

**Gereformeerde Kerk Agulhas**
Plantasiestraat, Bredasdorp
Erediens: 10h00
Nico du Plessis
083 572 4952
028 424 1993 (n/u)
028 435 6099

**Hervormde Kerk**
H/v Viljoen & Plantasiestraat
Bredasdorp
Sondagoggend: 08h00
028 514 1546

**Kingdom Revival Community Ministries**
Welverdiend Biblioteek
Ou Meulestraat
Sondagoggend: 10h00
Navrae: Past Minnie Jantjies
063 190 5361

**Koninkryk Bediening**
Rolbalsaal, Agulhas
Erediens Sondagaand: 18h00
Woensdagaand, Bybelstudie: 18h30, N.G. Kerksaal, Agulhas
Past Jetro kruger
082 678 6266

**Metropolitan Evangeliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagaand: 18h00
Eerw. H. Kastoor
028 424 1820 / 072 607 3423

**Morawiese Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Woensdagaand: 19h30
H. Linnert
028 424 2497

**Morningstar Youth Five Fold Ministries**
(Arniston)
Sondagoggend: 09h30
Tel: 028 445 9224

**NG Kerk Bredasdorp**
**Sondagoggend : 09h30**
Sondagaand: Sien Kerkprogram

**NG Kerk Napier**
Engelse Diens: 08h00
Erediens: 09h30
Tel. 028 423 3457
Ds. Frikkie Marais
Sel. 083 664 6861

**NG Kerk Suidpunt**
Agulhas 08h00
Struisbaai 09h30

**Nuwe Apostoliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagskool: 11h00-12h00
Woensdagaand: 19h30
BREDASDORP
Sean Andrews
072 039 9461
NAPIER
George Diedericks
082 595 1363
STRUISBAAI
Karel Witbooi
073 012 3181

**Sewende Dag Adventiste Kerk**
Sabbatskool: 09h15-10h45
Erediens: 11h00-12h00
Leraar: P. Neuhoff
082 539 5478
Kontakpersoon:
S. Uitlander
073 020 2739

**South Point Interdenominational Church**
NG Church Hall
Cooper Street
Agulhas: 18h00
Des Moore
076 191 4832

**Suidpunt Christen Gemeenskap**
Hoofweg, Struisbaai
Oggenddienste: 09h30
Leraar: E.A. Mentor
079 340 1785

**The Church of Christ Jesus**
Struisbaai North
Morning Service: 11h15
Peet Zeeman / Mike Steventon
082 816 2789

**VG Kerk Bredasdorp**
Sondagoggend: 09h30
Sondagaand: 18h00
Tel. 028 424 1227

**VGK Kerk Struisbaai**
Struisbaai-Noord
Sondagoggend: 10h30
Ds. Willie Kleyn
028 435 6783

**Waenhuis Pinkster Arniston**
Steenbrasstraat 557
Sondae: 10h00
Pastoor P. Leonard
072 607 3423

# Swellendam se sitrusboere deel eerste oes wyd!

**Met noodsaaklike vitamien C voorrade in winkels al volledig uitgeput sedert President Ramaphosa se eerste aankondiging skuins voor die aanvang van die nasionale inperkings inisiatief, het hierdie besondere gebaar van Swellendamse boere in alle opsigte nie alleen getref nie, maar ook die hartsnare geroer!**

Aan die begin van April het Swellendam Munisipaliteit se Uitvoerende Burgemeester, Nicholaas Myburgh, en sy span, vergesel van SAPD lede en natuurlik die boere met sakkies geskenkte lemoene, deur voorstede en informele nedersettings beweeg, om uit te deel aan inwoners wat die waardevolle natuurlike vitamien C, teen die agtergrond van die virus waarteen ons tans veg, broodnodig het.

**"Together we shall overcome"!**

Mnr Myburgh berig dat hulle hartlik ontvang is terwyl die ton lemoene oorhandig is. 'n Hartlike woord van dank het gegaan aan die sitrusboere van omliggende plase Thornlands, Swellendam Fruit, Suiderland en Tangelo Citrus Farms. Lemoene word algemeen geassosieer met Citrusdal en die Oos-Kaap en baie mense is nie bewus van die feit dat ons hier op ons eie drumpel in die Suid-Kaap net sulke lekker lemoene kweek nie! Herman Smit van CAP en Swellendam Munisipaliteit se Munisipale Bestuurder Anton Groenewald en hulle onderskeie bestuurspanne is ook bedank vir hulle aandeel aan die koördinering van uitreikaksies om kwesbare lede van die gemeenskap te ondersteun in hierdie onsekere tyd.

Onder die vaandel van "saamwerk", ten bate van die breër gemeenskap, is plaaslike bedrywe soos die Co-op SSK en SOILL ook bedank vir hulle reuse aandeel wanneer dit kom by uitreikaksies in die gemeenskap. Graan en Canola maak per slot van rekening 'n groot deel van die lewensaar van boerdery bedrywighede in die streek uit!

**Ora Laubscher**



**ABOVE & BELOW: Swellendam Municipality, in partnership with local farmers all assisted in boosting nutritional and immunity levels of residents. Local citrus producers have pledged over 100 tons of fruit over the next 3 weeks to be distributed by the municipality. On April 2nd the Municipality took delivery of the first batch and residents showed their appreciation for this welcome and highly appropriate windfall..."*our gratitude goes to Thornlands, Swellenfruit, Suiderland, and Tangelo Citrus farms and packsheds for their generous support of our local communities. Also, the local Co-op SSK, and affiliate SOILL, have pledged valuable produce for distribution to vulnerable families*", said Swellendam Executive Mayor, Nicholaas Myburgh.**



# Careful! You might be assisting a fraudster to spread false fake news!

**The arrest and subsequent court appearance of a resident of Cape Town in court this week, underlined the importance of checking and rechecking information before posting and forwarding dubious messages. This once more proved the point that many users of social media platforms still do not seem to fully understand the seriousness of the warnings issued by amongst others the police in this regard. So, follow this simple bit of advice: "if in doubt, don't!"**

The person in question posted and spread a video of himself explaining and warning citizens not to allow teams of field workers to screen and/or test them for the covid-19 virus infection using a very graphic picture of himself with an earbud sticking out his nose, warning them that the test kits were infected. The video went viral but the culprit was "followed" to his place of residence, picked up, arrested and warned to appear in court.

Police and traffic officers have been very busy, not only issuing warnings and fines, but also arresting transgressors of all the social distancing and isolation regulations that have been put in place in the country since the #Covid-19 #Lockdown initiative kicked in at midnight on Thursday, 26 March.

**188 arrests in the Overberg District**

On April 6th Kenny Africa, the Western Cape's chief provincial traffic officer reported that a total of 2 395 persons have already been arrested for contravention of regulations across the Western province. 1 092 in the Cape Town metro, 188 in the Overberg, 245 in the West Coast area, 361 in the Winelands, 430 in Eden with the Central Karoo last and least with 79 cases.

So – stay safe, stay home, keep your distances and refrain from transgressing any laws – with not so many lockdown days left, it is not worth your while.

**Ora Laubscher**

# #ThankYouWC: Let's honour our service people during lockdown

**The Minister of Community Safety, Albert Fritz, is calling on all residents in the Western Cape to acknowledge those in law enforcement, healthcare, food related services and other essential services by hanging the South African flag, as recommended by President Ramaphosa, from your doors and/or windows during the lockdown period. If you don't have a flag, you can hang a piece of cloth of a colour of your choosing to show your gratitude during the lockdown period.**

Many countries across the globe are acknowledging those on the frontline through a range of activities for hospital staff to applause for those serving on the frontline. Here in the Western Cape, we want to show our appreciation by doing the same and posting it on social media using the hashtag #ThankYouWC and #StopTheSpread

Minister Fritz said, "During the lockdown, we are dependent on the work of those involved in healthcare, law enforcement, farmers and farm workers, to name a few. In a commitment to staying at home and acknowledging the critically important work of those on the frontline, I call on all residents to hang the flag or a piece of colourful cloth from your doors and/or windows during the lockdown."

"During this period of lockdown, it is essential that we stay at home, continue to practice good hygiene and self-isolation. By doing so, we will ensure not only our safety but the safety of countless others, particularly those who are more vulnerable and have weaker immune systems. I further wish to thank those who are diligently adhering to the lockdown regulations," said Minister Fritz.

Minister Fritz added, "Those on the frontline are hard at work, ensuring your safety. In turn, you have a duty to stay home and stay safe. Between 24:00 and 06:00 this morning, there were 149 lockdown related arrests. As residents of the Western Cape, it is vitally important that we each play our part, leaving home only when it is vitally necessary to do so, such as buying groceries, visiting the pharmacy, seeking medical attention or collecting a social grant."






# Western Cape producers donate fresh produce to communities in need through Foodforward SA

**Western Cape producers have donated tons of fresh produce over the past week to FoodForward SA who is assisting people in the most vulnerable communities that are experiencing food shortages during the Covid-19 containment period.**

Mr Jannie Strydom, CEO of Agri Western Cape, says the country will have to deal with many communities within the next few weeks who will not know where their next plate of food will come from. He says agricultural producers understand the humanitarian crisis that may arise during this period.

"As one of the most important role players in the Western Cape, the agricultural sector accepts its critical role in the well-being of the province and all its residents. The donation of fresh produce is their contribution to assist the communities in this very difficult time and making a difference in people's lives," he said.

Mr Strydom thanked producers and farm workers who continue to work to produce food during the lockdown period. He also thanked the Western Cape Department of Environmental Affairs and Development Planning for their role in co-ordinating food donations and aid projects.

Mr Andy du Plessis, Managing Director of FoodForward SA, says that they are so grateful for the generous donations of fresh produce, which will greatly increase the nutritious value of the food support they provide. "It is much needed at a time when people can't earn a daily income during the lock down," he said.

Du Plessis says the fresh produce has to date been distributed to aged care facilities, facilities caring for orphans and vulnerable children, and people living with HIV/Aids and TB.



**Green beans donated by a producer in Stellenbosch being collected.**

# INFO / INLIGTING

## AUCTIONEERS/ AFSLAERS

**Overberg Afslaers**
Independentstr. 18 Bredasdorp
Tel: 028 425 3423
Sel: 084 614 1849

**Eerste opsie, nie laaste uitweg!**

Besigtigingsure: Ma. - Do. 8 - 16:30 Vrydae 8 - 13:00
Vrydag voor veiling tot 16:00
Goeie gehalte, bruikbare items word ingeneem en verkoop: meubels, gebruiksartikels, oudhede en vele meer.
Vooraf en telefoniese aanbiedinge word ook aanvaar.
Kry ons ook op Facebook:
https://www.facebook.com/groups/454236327925759/

## AFDELINGSWINKEL

**Under Cover**
H/v Fletcher & Langstraat
Bredasdorp
Tel: 028 424 1113

**RUGBY**
* Puma & Adidas rugby boots
* Navy & white rugby shorts

**ACCESSORIES**
* Socks (Assorted colours)
* Mouth Guards
* Head Gear (Scrum Cap)
* Metal Tip - Studs

**SUMER SALE**

## ANTIEKE MEUBELS

**Antique Warehouse**
Goodshedstraat BREDASDORP
Tel. 028 425 1909 / Sel. 082 5677 835
Christo Geldenhuys koop en verkoop ongerestoureerde antieke meubels en boumateriaal

## AIR CONDITIONING

**GS AirMechElec Services**
082 543 8206
• Air-Conditioners • Cold Rooms
• Commercial Refrigeration
• Electrical Contractor
• Borehole Pumps & Water Solutions
• Windmills
*Based in Napier servicing the Overberg*
SUPPLY, SERVICE & MAINTENANCE

## ARTS & CRAFTS

**Kira's**
Winkel 4, Van Riebeeckstraat, Bredasdorp
Tel/Fax: 028 425 3918
WOOL * CRAFT
PACKAGING * GIFTS
Winkel-ure:
Maandag tot Vrydag 09h00 - 17h00
Saterdag 09h00 - 12h30

**BOEKE - BOEKE - BOEKE**
NUWE EN 2de handse boeke by Suiderpers te koop vanaf R10 - R500.
Afrikaans en Engels.

## BELIGTING / BLINDS

**BLINDINGS VIR STRUISBAAI**
Kwaliteit blindings direk van vervaardigers.
Ook kwotasies in Bredasdorp en Waenhuiskrans.
**Johan Oosthuizen**
Tel: 028 435 6118 | Faks: 028 435 6464
Sel: 082 902 6412

Cherie Schlebusch
Tel: 028 424 2925
YOUR LIGHTING & BLINDS SPECIALIST
Inex Lighting Lamps, Fittings & Blinds

**Kobi curtains & blinds**
measure, make-up and installation
cobus 0799047392

## BOUERS / BUILDERS

**Diedericks Konstruksies**
Geregistreerde Asbes Kontrakteurs
Langstraat 164
Bredasdorp, 7280
Sel: 072 705 9044
Tel: 028 424 1787
E-pos: demasdiedericks@gmail.com
KONTAK Demas VIR ALLE BOUWERK, CONCRETE, PAVING, VERFWERKE EN SKOONMAAK VAN DAKKE

**BH BUILDERS HARDWARE**
*and secondhand building material*
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
Tel: 028 4252 911
Faks: 028 425 1031
E-pos: admin@bhgroup.co.za
Kontak: Marius Cronje
*The 911 for all your building supplies and hardware in the Cape Agulhas Region.*

**ELS BOUERS**
Geregistreerd: NHBRC, CIDB, BBR.
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
**Bouwerk van huise, store, aanbouings en restourasiewerk**
Kontak: Ockie Els
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
Sel: 082 570 0318
elsbouers@goggaconnect.co.za

## CARPET CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
CARPET & UPHOLSTERY CLEANING SERVICES

## GLAS

**SUIDPUNT GLASS ALUMINIUM CC**
Plaaslike Vervaardigde Produkte
Vensters • Skuifdeure • Balkonrelings
Shopfronts • Stortdeure • Spieëls
Houtvervanging
Aluminium Diefwering
Tel./Faks: 028 435 6050/Sel. 082 380 1061

## GESONDHEID/HEALTH

DR. J E MYBURGH
DIAGNOSTIESE RADIOLOOG/ DIAGNOSTIC RADIOLOGIST
Diagnostiese x-strale, Sonars
Dirkie Uysstraat 11, BREDASDORP
TEL/FAX: 0284242153
GANSBAAI
Mammogramme / xstrale / sonars
TEL: 028 384 0048
Ons hanteer u Mediese Fonds eis

## HANDYMAN / NUTSMAN

**SUIDPUNT NUTSMANNE**
• Verf • Teël
• Instandhouding
• Waterdigting
Jaco 076 509 3634
jaconeet@gmail.com

## HERSTELWERK

**MBC Herstelwerke**
•Vervaardig en oprigting van staalkonstruksies
•Geregistreerde bouer van sleepwaens (SABS)
•Algemene instandhouding van plaasimplemente
•Algemene sweiswerk
Tel/Fax: 028 425 1825
Sel: 082 922 6733 / 082 922 6734
Email: mhmbc@webmail.co.za

## HOME IMPROVEMENTS

**MultiCoat Home Improvements**
All Paint Products
Laminated and Vinyl Flooring
PVC Ceilings
Tel: 028 424 2925
C/O All Saints & Dirkie Uys, Streets, Bredasdorp

## HUISHOUDELIK

**TUPPERWARE BRANDS**
For home | For health | For life
-FREE delivery to your home or workplace
- For Your Latest SPECIALS Flyer
- : Zorinna on 076 239 6958
- @: zorinnaj@yahoo.com
(Earn Extra CASH and FREE Tupperware when JOINING)

## LANDMETERS & STADSBEPLANNERS

**Town & Country** Creative Land Solutions
Tel: 028 424 1545
Faks: 028 425 2085
Topografiese Opmetings
Bakenherplasings
Hoogtesertifikate
Ingenieursopmetings
Onderverdelings
Serwitute & Konsolidasies
Regstelling van Grense
**FRANK TRUTER: 083 412 4698**
**PROFESSIONELE LANDMETER**
Ontwikkelingsuitlegte
Onderverdeling van erwe en plase
Hersonering & Afwyking
Vergunningsgebruike
Opheffing van Beperkings
**LOUNA TRUTER: 083 481 3603**
**PROFESSIONELE STADSBEPLANNER**
Fletcherstraat 28, BREDASDORP

## LAUNDRY/ CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
LAUNDRY

suidernuusads@isat.co.za
Info Advertensie
tel: 028 424 1205/16
**12 weke @ R400 vir enkelspasie R800 vir dubbelspasie**

# On the eve of yet another but very different Easter Weekend

## *Ratepayers rise to the occasion in Waenhuiskrans*

***"It's important that we stand together as the Waenhuiskrans community at this time and help those in need. WARA is a voluntary membership organisation established 46 years ago. Over the years it has become a strong organisation with caring and generous members and without whom all the WARA community-based projects would not be possible – its support for the Sea Hawks, the CEPF, the Neighbourhood Watch and the camera-project." (WARA Chairman, Alan Butler)***

Members of the Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association (WARA) have reached out to assist the community of Kassiesbaai and adjacent extensions in Waenhuiskrans/Arniston during this difficult time of the COVID19 lock-down. The situation is serious because:

* The school feeding system is not operative.
* Bookings for the Easter holiday season have been cancelled affecting local employment.
* Some domestic workers are supported by their employers but there are many who fall outside this net.
* Transport to and from Bredasdorp for shopping for supplies is unavailable.
* The elderly and children will be affected most.

The WARA Committee decided to send an appeal to its 150 members for contributions towards food parcels for families most affected. Together with its own donation, WARA received an overwhelming response within the first 48 hours from its members – even though many are already supporting other households in this difficult time.

**Rapid response and rapid action!**

The Committee rapidly established the list of the 50 neediest households with a total of 200 people who have little means of support at this time. They will receive food hampers for which WARA has negotiated with local supermarkets to cost and make up. Special care will be taken in the distribution starting on Wednesday 8 April to ensure that the deserving homes on the list receive the hampers. The distribution will be repeated as we go into the next part of the 21 days national Lockdown.

**Ora Laubscher**




**Een van die reuse pakke vars vrugte en groente wat deel van die kospakkies uitgemaak het met 'n nota aan die ontvangers van WARA.**



**WARA komiteelede het 'n insamelings inisiatief van stapel gestuur op Waenhuiskrans om die gesinne, wat dit die nodigste het in die moeilike tye waarin ons onsself tans bevind, by te staan. Items is aangekoop tesame met skenkings van kettingwinkels en verpak. V.l.n.r.: A/O Koos Marthinus, me. Polla Carelse, mnr. Brandon King en mnr. Chris Jacobs, komiteelid van WARA (Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association) wat die inisiatief namens die ongeveer 145 lede van die Vereniging, waarvan meeste nie voltydse inwoners van die dorp is nie en ander plaaslike rolspelers, help dryf het.**

# MASKERS

## Wat jy moet weet

'n Goeie lapmasker vervang nie die **5 Goue Reëls** van Goeie Higiëne nie. Dit kan ekstra beskerming bied as dit goed vervaardig is en reg gebruik word.

**Moenie N95- en mediese maskers gebruik nie. Daar is 'n tekort en ons moet dit hou vir mediese personeel wat mense met COVID-19 versorg.**

### Volg die 5 Goue Reëls van Goeie Higiëne om die verspreiding van die koronavirus te keer:

1. Was jou hande gereeld vir ten minste 20 sekondes met seep en water.
2. Moenie aan jou gesig raak sonder om eers jou hande te was nie.
3. Hoes of nies of in 'n sneesdoekie of in jou elmboog. Gooi dan die sneesdoekie weg op 'n veilige manier.
4. Bly ten minste 1,5 meter weg van ander mense.
5. Bly by die huis as jy nie lekker voel nie. Kontak dan ook die hulplyn of jou gesondheidswerker.

Nasionale Hulplyn: 0800 029 999
Provinsiale Hulplyn: 021 928 4102
Nasionale WhatsApp: 0600 123 456

Wes-Kaapse Regering — KOM ONS STOP DIE VERSPREIDING — VIR MEER INLIGTING: www.westerncape.gov.za

## Gebruik jou lapmasker op 'n veilige manier:

* Onthou, 'n lapmasker vervang nie die **5 Goue Reëls** van Goeie Higiëne nie.
* Maskers wat korrek vervaardig is, kan ekstra beskerming bied as dit reg gebruik word.

**Gebruik 'n lapmasker as jy in aanraking kom met mense terwyl jy**

* Openbare vervoer gebruik
* Inkopies doen
* Van noodsaaklike dienste gebruik maak

**1 Wanneer jy die masker aansit:**

* Was eers jou hande.
* Plaas die binnekant van die skoon masker teen jou gesig.
* Bedek jou neus en mond.
* Maak seker dit pas mooi en moenie aan die lap deel raak nie.

**2 Terwyl jy jou masker dra:**

* MOENIE AAN JOU GESIG VAT of met die masker vroetel nie.
* Haal die masker af as dit nat is.

**3 Wanneer jy die masker afhaal:**

* Raak net aan die bandjies.
* Sit dit in 'n houer tot jy dit kan was.
* Was jou hande nadat jy dit afgehaal het.

**4 Versorging van jou maskers:**

* Jy het 'n tweede masker nodig sodat jy 'n skoon een byderhand het.
* Moenie dat ander mense jou masker gebruik nie.
* Was die masker met seep en warm water.
* Laat dit in die son droograak en stryk dit om dit te ontsmet.

**'n Goeie lapmasker:**

* Het ten minste 3 lae:
  - Die buitenste twee lae is gemaak van dik katoen soos denim, kaliko, stofferingsmateriaal of shweshwe.
  - Die binneste laag is gemaak van sagte katoen.
  - Vermy T-hemp-materiaal.
* Is gemaak van materiaal wat in warm water gewas en dan gestryk kan word.
* Is vierkantig, met 3 plooie, sodat dit mooi pas.
* Bedek van bo die neus tot onder die ken en tot by die ore.
* Het bandjies wat agter die kop kan vasbind.

**As jy siek is met die koronavirus of iemand versorg wat dit het, gesels met jou gesondheidswerker of bel die hulplyn om uit te vind watter maskers en beskerming jy moet gebruik.**

Wes-Kaapse Regering — KOM ONS STOP DIE VERSPREIDING — VIR MEER INLIGTING: www.westerncape.gov.za

# INFO / INLIGTING

## LOGGING

**FYNBOS POLE DEPOT**

Website www.fynbospoles.co.za

- POLES & SPLITPOLES (CCA TREATED)
- DROPPERS & LATHS
- RUSTIC & CLEAR-CUT PLANKS
- WOODCHIPS & SAWDUST
- WENDYHOUSES
- FIREWOOD

**Fynbos Wendy's**

WENDY HOUSES & TOOLSHEDS

NUTEC BOARD OR PINE CLADDING

& VARIOUS UPGRADES TO CHOOSE FROM

FINANCE AVAILABLE

C:028 384 1587 | T: 072 858 2822

E: fynboswendy@outlook.com

Web: www.fynboswendy.co.za

## LOODGIETERS

**Louw's Loodgieters**

Sel. 082 922 1378 Tel/Faks: 028 435 7854

E-pos: tlouw@mweb.co.za

**Suidpunt Loodgieters**

VIR ALLE LOODGIETER WERK

Overberg Area

• maintenance • renovations • leak detection • drainage • construction • septic tanks

Cornelius Streicher

084 589 3218 / 084 569 2208

suidpuntloodgieters@gmail.com

Die herstel en installering van geysers

Alle versekerings werk is welkom

7 dae beskikbaar

GEREGISTREERDE EN GELISENSIEERDE LOODGIETERS (PIRB)

## MATWASDIENSTE

**Suidpunt Matwasdiens** Bredasdorp

Stoomskoonmaak van matte, motors en meubels

Caryn 079 652 4101 • Stephan 078 206 3660

shfeldmann@gmail.com

Facebook: Suidpunt Matwasdiens

## OUTDOORS

**ADVANCED TREE FELLING**

Struisbaai / Overberg

FULLY INSURED

Seb: 066 577 5705

Suidernuus aanvaar geen verantwoordelikheid vir meer as een foutiewe plasing nie. Krediet kan ook nie toegelaat word vir geringe foute wat nie die waarde of impak van die advertensie raak nie. Geen krediet vir foute in enige advertensie in Suidernuus, tensy binne 48 uur na publikasie gerapporteer.

## PLANT HIRE

**OJ PLANT HIRE**

Goodshedstraat 5, Industriële gebied, Bredasdorp

Tel: 028 425 1831

Faks: 028 425 2093

Sel: 082 570 0318

E-pos: sandmine@telkomsa.net

VERHURING VAN: DIGGERS, EXCAVATORS, VRAGMOTORS & KONSTRUKSIETOERUSTING. FILLING, SAND & KLIP, GRONDVERSKUIWING.

## PROKUREURS / ATTORNEYS

**DIRK UYS**

PROKUREURS | ATTORNEYS

LANDBOUREG | ERFREG

EIENDOMSREG | KONTRAKTEREG

OMGEWINGSREG | LITIGASIE

Tel: 028 425 1331

Sel: 073 614 9954

Langstraat 25, Bredasdorp

admin@uyslaw.com

https://uyslaw.com

## SCREENS / SKERMS

**FLY AWAY SCREENS**

ALUMINIUM MAGNETIESE INSEKSKERM

HOU VLIEË, MUSKIETE, KRUIPENDE INSEKTE EN SELFS KATTE UIT!

KONTAK HANS OF WOLLY VIR N GRATIS KWOTASIE.

028 423 3537 or 083 675 4110 or 082 454 9467

hans@yizani.com

www.flyawayscreens.mystrikingly.com

## SECURITY

**MULTICOAT Security**

Trellis Gates & Windows

Clear View Burglar Bars

Tel: 028 424 2925

C/O All Saints & Dirkie Uys Streets, Bredasdorp

## TANDARTSE / DENTISTS

**DR GERALDINE HEIM**

HEUNINGBERG GEBOU

LANGSTRAAT

BREDASDORP

028 424 1811

## TANDARTSE




**Tandarts**

Dr. Thereza Scholtz

Mondhigiënis

Elaine Stoman

Tel. 028424 2931 Faks: 028 424 2941

Kerkstraat 71• BREDASDORP

(OORKANT OK FURNITURE)

**TANDARTS / DENTIST**

**Dr. WP Scott & Dr. WT Scott**

028 424 1250

drscott.reception@gmail.com

Cnr. All Saints & Dirkie Uys Str., Bredasdorp

** Emergency number - 071 671 0957*

**TANDARTS / DENTIST**

DR COENIE ZONDAGH

TEL: 028-4252451

Langstraat 50 * BREDASDORP

(By Dr Barto Saayman)

## TE HUUR / FOR RENT



**HONEY SUCKER**

(Sewerage)

Truck for Hire

AVAILABLE 24/7

PLEASE CONTACT

GLORIA

0833777437 or

gloriamc951@gmail.com

## VERVOER / TRANSPORT

**OVERTRANS**

VERVOER & LOGISTIEKE

Vir die vervoer van kalk, gips, graan en ander produkte.

Louis: 082 376 9006

Kantoor: 082 457 2839

Faks: 086 511 7073

e-pos: admin@overtrans.co.za




## VERWER / TEËLLÊER PAINTER / TILER

**Boetie Jacobs**

- MEESTER VERWER / MASTER PAINTER
- OPKNAP VAN HOUTWERK / RENOVATION OF DOORS & WINDOWS
- TEëLWERK / TILING

Tel: 082 545 8586

REFERENCE: DR. JOHANN VAN DER MERWE - 028 423 3001

## WATERDIGTING

**ELS WATERDIGTING**

*"Jou gat - my probleem"*

Goodshedstraat 5

Industriële Gebied

Bredasdorp

Konstruksiewaterdigting, Reservoirs, Damme, Kanale, Verfwerk, Geregistreerde Asbeskontrakteur

Tel: 028 425 1831

Faks: 028 425 2093

Sel: 082 593 3880

E-pos: freddels@telkomsa.net

Kontak: Freddie Els

**ALCOHOLICS ANONYMOUS NAPIER GROUP**

082 332 8454

# Die UPSIDE van die DOWNSIDE van LOCKDOWN

**3 weke van LOCK-DOWN! Wie sou dit ooit kon dink? En aangesien ons nou mos moes dink aan iets waarin ons nooit ons kon indink nie, dink ons nou sommer ook aan ander goed waaraan ons nooit sou gedink het nie!**

Planne! Planne om die inperking pret te maak (en ja, ook hoe om te oorleef sonder om kens te raak of dalk ons lewensmaat te vermoor). En ons boerevolkie is mos mense met planne. Elke dag lees ek op facebook van die snaakste planne, liedjies en grappies. Alles is nie sak en as in Suid-Afrika nie!

Ook my kinders en ons het die geleentheid aangegryp om iets anders as die gewone te doen. So het hulle eers begin met koekies bak met hulle eie spruite, gekamp in die tuin, kompleet met tent, slaapsakke ensovoorts, geteken, geverf, en selfs 'n whatsapp konsert gehou vir 'n maatjie wat verjaar het. Hulle het 'n whatsapp video-call kitaarles gehad by Martjie, 'n oud-Bredasdorper, wat nou musiekjuffrou is. Hulle het ook 'n straatbraai gehou: al die bure voor in hulle eie erf, met eie kossies, maar almal saam in gees - en musiek vir die hele straat. Daar word ook whatsapp tema-etes gehou, met my kinders wat eenkeer soos die Adams-familie aangetrek het.

Ook hier by Paleishuis op Bredasdorp, woeker en woel dit. Donderdag voor LOCKDOWN is daar vinnig woes planne beraam en die nodige aankope gedoen.

Die eerste 3 dae het my man my elke dag verras met 'n blommetjie uit die tuin, nogal op sy knieë oorhandig. Toe begin die groot verf – ons HET mos nou tyd! Ons het ook 'n straatbraai gereël. Nouja, die stormsterk wind het sommige bure laat uit-draai en dis te verstane. Die wind het darem later gaan lê, en ons en ons buurman oor die straat het heerlik gebraai, elkeen in sy eie erf en ons het heerlik in ons tuinpaadjie en op die gras gedans met oor-die-straat se musiek.

Nou is Paleishuis se sitkamermuur helder turkoois in plaas van wit, die tuinmuur is vol blommetjies, en gisteraand het ons boeresushi geëet, na aanleiding van Zuzelle (en ek glo dit gaan 'n nuwe manier van onthaal word in die toekoms, want dis heerlik). Die rakke en die kaste word uitgepak en reggepak en sodra die weer beter is, gaan ons kamp!

Liewe lesers, ek glo altyd dat dinge nooit net sleg is nie. Elke donker wolk het 'n goue randjie. Elke sleg het sy eie goed. Daarvoor moet 'n mens soek. Dit is die goed wat die mat onder jou uitruk, wat maak dat jy anders dink, nuwe planne maak en dinge ontdek wat in die toekoms dalk van groot waarde kan wees. Nuwe aanlyn studiekursusse, afstandsonderrig, aanlyn winkels, virtuele koerante en selfs internetkonserte word nou meer en meer . Een van die dae werk ons almal van die huis af, lekker in ons pajamas in die winter, of dalk in ons adamsgewaad in die somer! Die DOWNSIDE het ook 'n groot UPSIDE!

Doen julle iets spesiaal in hierdie spesiale tyd? Vertel ons asseblief daarvan!


**Paleishuis in Villiersstraat spog met 'n splinternuwe blommemuur.**


**Heerlike boeresushi, wat sekerlik baie gewild gaan word.**

# Napier se Twilight Songsters groet!

**Op Sondag, 22 Februarie het die koor wat met die jare een van Napier se bekendste en mees beminde sanggroepe geword het, tydens 'n geselligheid aan huis van koorleier en stigterslid, Anna Chadwick, van mekaar en van Anna afskeid geneem. Dit was een van daardie geleenthede waarvandaan 'n mens met die spreekwoordelike "traan in die oog" huiswaarts vertrek het.**

Anna Chadwick het, sedert sy en haar eggenoot hulleself as van die heel eerste intrekkers in die destyds nuutgeboude Napier Retirement Village kom vestig het, begin droom van 'n koorgroep, bestaande uit senior burgers met 'n lus en 'n begeerte om sommer net lekker saam te sing. Anna se "Twilight Songsters" inisiatief – 'n naam wat dui op die "senioriteit" van die lede - het stadig maar seker begin vorm aanneem nadat sy begin het om sang en musiek oggende by Huis Klippedrift aan te bied vir belangstellende inwoners. Sy het agtergekom dat daar 'n behoefte onder inwoners bestaan het om saam te sing en langs hierdie weg ook sommer sosiaal te verkeer. Anna het in die sitkamer op die klavier gespeel en voorgesing en met haar entoesiastiese en meelewende manier van doen, sommer gou 'n hele sirkel belangstellendes getrek. Sy het nooit perfektheid nagestreef nie – eerder entoesiastiese samesang wat so reg uit die hart gekom het.

Namate die Napier Retirement Village meer inwoners bygekry het, is die Twilight Songsters se geledere aangevul deur inwoners soos die sopraan Joan Wilken en die klarinetspeelster Sylvia Humphreys. Later het dorpsbewoners soos Ena en Andre Pietersen en Geertien en Japie Venter ook bygekom.

**Hartseer en Vreugde terwyl duisende ten bate van Huis Klippedrift ingesamel is**

Die optredes van die groep op verskillende plekke op die dorp so skuins voor Kersfees en uiteindelik in die NG Kerk by geleentheid van die jaarlikse Kerssangdiens, was baie gewild. Duisende Rande is ook langs hierdie weg ingesamel ten bate van Huis Klippedrift. Hartseer oomblikke was daar egter ook soos met die afsterwe van langstaande lede soos John Garrett en Annabel Kyriazis in 2019.

Napier en sy inwoners sal die sanggroep mis – 'n ligpunt is dat van die lede nou saam met Anna, wat sy bestempel as 'n "meer professionele" musiekgroep waar stemme sowel as musiek instrumente 'n rol gaan speel, gestig het. Waar Sylvia ook nou betrokke is by die fluit en koorsangprojekte van die Headstart Musiek Trust by Protea Primêr, kan die gemeenskap heel moontlik 'n baie opwindende nuwe musiek inisiatief en -program te wagte wees.

**Ora Laubscher**


**On Sunday February 21st, Napier's beloved and ever so popular Twilight Songsters bid the stage and each other farewell. The farewell took place at the home of choir leader Anna Chadwick at the Napier Retirement Village. In the course of the near 10 odd years since Anna started an informal song group at Huis Klippedrift, the group has grown and developed into something special. Funds were also raised by the Twilight Songsters benefiting Huis Klippedrift.**


**Michael Pokwas en Swellendam se Uitvoerende burgemeester Nicholaas Myburgh het gaan kyk dat alles reg is by die nuwe watertenks wat die Munisipaliteit Saterdag in Smitsville opgerig het. Dit is deel van die munisipaliteit se spesiale aksies tydens die Covid-19 lockdown om te help dat mense toegang het tot water, veral diegene wat in informele strukture bly.**

**Suidernuus aanvaar geen verantwoordelikheid vir meer as een foutiewe plasing nie. Krediet kan ook nie toegelaat word vir geringe foute wat nie die waarde of impak van die advertensie raak nie. Geen krediet vir foute in enige advertensie in Suidernuus, tensy binne 48 uur na publikasie gerapporteer.**

# 'n Lusmakertjie vir plaaslike inwoners gedurende die termyn van verpligte tuisbly!

## *Kom reis saam met Suidernuus – sommer daar vanuit jou gemakstoel!*

**Met baie mense se oorsese en plaaslike toere wat as gevolg van die wêreldwye verpligte inperking van beweging skipbreuk gely het, het ten minste 12 wêreldbekende museums nie in sak en as gaan sit nie, inteendeel, hulle het die buitengewone geleentheid met albei hande aangegryp met 'n reeks virtuele toere wat dit vir die potensiële besoekers, wat nou baie tyd op hande het, moontlik maak om vanuit die gemak van hulle sitkamers, 'n voorsmakie te kry van wat wag wanneer die grense een van die dae weer oopgestel gaan word!**

Wat meer is, ons eie SANParke se Kruger Nasionale Park het ook ingekoop en bied tans nie minder as twee opwindende virtuele wildbesigtigingstoere per dag aan natuurliefhebbers en voornemende besoekers!

**Leer ken nou jou eie plaaslike museums**

Buitelandse besoekers ry ver om die uitstallings in die Bredasdorpse Skeepswrak Museum en by die mees suidelike en tweede oudste werkende vuurtoring in L'Agulhas, van naderby te besigtig. Baie plaaslike inwoners het egter ook nog nooit vantevore hier besoek gaan aflê nie! Nie omdat hulle dit nie wou doen nie – daar was net nog nooit tyd nie, of so weet hulle dit te vertelle!

Al is die museums albei op die oomblik vir besoekers gesluit, is daar geen beter tyd as "nou" om in die loop van die volgende paar weke saam met Suidernuus 'n virtuele toer deur hierdie twee besonderse toerisme aantreklikhede te onderneem nie.

**Het jy geweet dat die oorspronklike weergawe van die boegbeeld by die vuurtoring in die Skeepswrakmuseum se skeepswraksaal staan?**

Die boegbeeld wat uit hout gekerf is en waarvan die oorsprong nog nooit met een honderd present sekerheid vasgestel kon word nie, is van 'n vrou in outydse kleredrag wat voor haar uitstaar. 'n Replika van die oorspronklike boegbeeld wat volgens oorlewering deur vissermanne in die sand gevind en na die vuurtoringwagter by die historiese Agulhas vuurtoring gebring is, staan voor die vuurtoring-kompleks in L'Agulhas. Die vuurtoringpersoneel het destyds by die toring gewoon en die boegbeeld het daar gebly totdat dit jare later met die totstandkoming van die Skeepswrak Museum, daarheen verskuif is.

**Het jy geweet dat die vuurtoringpersoneel in die vroeë 1800's by die toring gewoon het, dat daar eens op 'n tyd selfs 'n begraafplaas aan die voet van die toring was en dat die voorvader van die NSRI se bekroonde vrywilliger Craig Lambinon in 1852 as skipbreukeling heel toevallig by hierdie einste Agulhas Punt in Suid-Afrika aangekom het?**

Daar is nog net een graffie in die vuurtoring begraafplaas te sien, dié van Daisy Rowe, die dogtertjie van een van die vuurtoringwagters wat daar gestasioneer was. Daisy was maar 7 maande oud toe sy in 1899 aan maagkoors gesterf het.

Dit was dan ook hier, skuins anderkant die graffie en die varswaterput wat ook nog sigbaar is, by die Agulhas Punt, waar die Nederlandse seilskip die **Juno** op 3 Maart 1852 in digte mis aan die voet van die vuurtoring gestrand het. Vyf passasiers het hulle lewens verloor toe 'n reddingsboot deur 'n brander omgedop is. In die Skeepswrakmuseum word 'n stukkie swart materiaal wat van een van die oorledenes se rokke afgeskeur het tydens 'n mislukte reddingspoging, tot vandag toe nog bewaar. Die bemanningslid wat die mislukte reddingspoging uitgevoer het, was die Belg Johannes Lambertus Lambinon. Was dit nie vir hierdie stranding nie, sou Johannes homself na alle waarskynlikheid nooit in Suid-Afrika kom vestig het nie. Nadat hy vir 'n termyn as onderwyser op 'n nabygeleë plaas diens gedoen het, het hy na die Oos-Kaap verhuis waar hy hom gevestig het.

**Het jy geweet dat die Nederlandse seilskip Willem de Zwijger tussen 30 Maart en 1 April 1863 by Martha Point digby Waenhuiskrans/Arniston gestrand het?**

Talle skepe het met die jare hier aan die Suidpunt van Afrika wat algemeen bekend staan as die ***"begraafplaas van skepe"***, gestrand. Die boegbeeld van die **Willem de Zwijger** is juis te sien in die Bredasdorp Skeepswrakmuseum se Skeepswraksaal – daar waar hy nou al vir jare van die dak af waghou oor die ander skeepswraksverwante uitstallings in die saal. Die uitstallings is terselfdertyd hartseer en interessant, want dit gaan per slot van rekening nie alleen om artefakte nie, maar ook om menselewens wat hier aan ons Suidpunt aan 'n einde gekom het!

Reis volgende week verder saam met ons tussen die vuurtoring en die Skeepswrakmuseum en die "seebadsplekke", soos wat Stuisbaai, L'Agulhas en Waenhuiskrans/Arniston in die vroeë 1900's bekend gestaan het.

**Ora Laubscher**



'n Replika van die oorspronklike boegbeeld wat in die Skeepswrakmuseum te sien is.




Die graffie van Daisy Rowe, dogter van een van die vuurtoringwagters wat in 1899 oorlede is.

**Alle advertensies kan soos normaalweg ingestuur word na suidernuusads@isat.co.za of skakel 028 424 1205 kantoor-ure.**

**Maandag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radio Drama / Musiek
13:00 Elsenburg Forum
14:00 Nuus / Weer / Musiek
14:30 Musiek
15:00 Kaviaar vir 'n Springbok
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:00 Pof gesels
21:00 Faboulous 50's (Herhaling)
22:00 Van Toeka tot nou (Herhaling)
23:00 Deurnag Musiek

**Dinsdag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
11:00 Wat saak maak
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radio Drama / Musiek
13:00 Musiek
14:00 Nuus / Weer / Musiek
14:30 Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 GCIS / Musiek
19:00 Met 'n ander oor
20:00 Let's Talk
22:00 Swing, Sing and All that Jazz
23:00 Make a Difference (Herhanling)
00:00 Deurnag Musiek

**Woensdag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Ommie Tafel
09:30 Kloutjie by die oor
10:00 Ommie Tafel
11:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Musiek
13:00 Op die Boekrak
14:00 Middag op Overberg
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:00 Municipal Matters
19:30 Actuality / Music
20:00 Caravan
22:00 Leonore (Jazz)
23:00 Deurnag Musiek

**Donderdag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
09:30 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radiodrama / Musiek
13:00 Musiek
14:00 Nuus en Weer / Musiek
14:30 Afr Aktualiteit / Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 GCIS / Musiek
19:00 Rock Rebellie
22:00 Deurnag Musiek

**Vrydag**
05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radiodrama / Musiek
13:00 By die Plaashek
14:00 Musiek / Nuus / Weer
14:30 Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:30 Musiek
20:00 Breyani
23:00 Deurnag Musiek

**Saterdag**
06:00 By Die Plaashek (Herhaling)
07:00 Pof Gesels (Her)
09:00 Fabulous 50's
10:00 #Teenzone / Musiek
12:00 The Midday Shift with Marquin
14:00 Maroela Top 20
15:00 Saterdag Musiek
18:00 Boeretroos in die Overberg
20:00 Country met Pof
22:00 Jazz till midnight
00:00 Deurnag Musiek

**Sondag**
06:00 Dagstukkie en Musiek
07:00 Arise
09:00 Bybelstorie en Musiek
10:00 Kruispad
11:00 Metronoom
12:00 Afrikaanse Gospel
13:00 Jazz is Soul
14:00 Sunday Blues
16:00 Wat saak maak (Herhaling)
17:00 Make a difference
18:00 Van toeka tot nou
19:00 Breyani Gospel
21:10 Kruispad Herhaling)
22:00 Plattelanders Omnibus
00:00 Deurnag Musiek

**Tel: 028 424 2877 / sms: 082MYRADIO www.radiooverberg.co.za**
*Registration no: NPO 088-728*

# "It was my responsibility to protect others" - Covid-19 survivor shares her story

**Giving up her 20th birthday party, might have saved Catia Cicognani's parents' lives.**

"When I returned from my trip abroad, I suspected there was a chance of having been exposed to Coronavirus, because the virus was spreading rapidly through Europe. Everywhere people were getting sick. I was on my way back home to South Africa and thought I should self-isolate when I get there. My family also agreed that I take a preventative stance."

However, isolating herself was tough. "On returning home, all I wanted to do was see my family and friends. I did not even hug my mother upon arrival at the airport. I also had to cancel my birthday party and watched my friends have fun on the beach, which was rather sad."

Catia was diagnosed with Covid-19 when she started showing symptoms of the disease a few days after isolating herself and she continued with isolation. "The first week flew by in a daze because I was really sick. I struggled to eat and survived on soup for nearly two weeks."

What got Catia through the lonely time of isolation, was her positive mindset. "As I gradually got better, I decided this was the best vacation I ever had. For once I was able to do absolutely nothing with no responsibilities."

Catia recovered completely and was discharged from isolation at home last week. She urges others to follow her example and heed the call for staying at home to protect the vulnerable in our society.

"Even before testing positive, I knew it was my responsibility to protect others. I cannot stress this enough. Just because you may not see it being transferred to someone does not mean you cannot spread it. During this time, it is important to be aware that even if we may not know our neighbours, it does not mean we should disrespect them by not isolating. You might be young and strong and able to survive Corona, but others you infect may not be able to survive it."

She wants to remind others that it is our collective responsibility to fight the Coronavirus. "We must stay home. It is only logical that the less you go out, the less contact you have with other people, the less likely you are to be infected and bring the disease back home to your loved ones. The less people who are being infected and who need to go to the hospital, the more we can help people who are in life-threatening conditions and who actually need the hospital. We know that the hospitals will become overloaded as the disease spread."

Catia's message to teenagers is to step up and do the right thing. "We shouldn't waste the opportunity to prevent deaths. To the youth who do not fear going out because they think they are safe and they feel invincible – you might not get Coronavirus or only experience mild symptoms - but the people you infect might not be so lucky. Would you still feel good knowing that someone died because of you? Be a hero and stay home. Be a soldier for South Africa and help us fight this virus. Stay home."



Miss. Catia Cicognani.

# At risk patients to receive flu vaccinations

**With winter fast approaching in the Western Cape and a possible escalation of patients who will experience the cold and flu, the Western Cape Government has ensured that primary health care facilities are geared and ready to offer free flu vaccinations to patients at risk.**

As we attempt to stop the spread of COVID-19, we reiterate that the flu vaccine does not protect you against contracting COVID-19. Each year the flu vaccine is developed according to the prediction of strains that will be in circulation for that season and should therefore be administered every year as the strains evolve continuously. However, receiving the annual flu vaccination will ensure that your immune system is not weakened, particularly for vulnerable patients.

The National Department has identified the vulnerable groups who are earmarked to receive the flu vaccination at public health facilities. These include:

1. Front line health workers
2. Individuals over the age of 65
3. People with cardiovascular disease (including chronic heart disease, hypertension, stroke and diabetes) and
4. People with chronic lung disease (asthma chronic obstructive pulmonary disease) and

Pregnant women and people living with HIV and AIDS will be considered for vaccination once the first four risk groups have been vaccinated.

For 2020, the Western Cape received 105 000 vaccine doses. These vaccines have been distributed during the past week and is available from primary health care facilities. Facilities have record of the various patients in each of these vulnerable groups and will allocate quantities to these groups first.

As part of social distancing measures in place, our facilities will provide the vaccinations through outreaches such as: providing it at old age homes and administer it when home delivery of chronic medication are done. Those vulnerable groups who have appointments at facility will receive theirs when honouring their appointments.

**How do you prevent the spread of flu?**

In keeping in line with the current nationwide lockdown, the Department's call is for the public to:

- stay home and only leave your home if you need to get essential supplies or medical care;
- keep 1.5 meter from others
- cover nose and mouth with a tissue when coughing or sneezing and throw away used tissue in bin
- wash hands often with soap or use an alcohol based hand rub, especially after coughing, sneezing, or blowing the nose;
- clean surfaces that are commonly touched.

**How safe is the vaccine?**

The flu vaccine, as with all vaccines, has been tested and declared safe for use, even for persons in high risk groups, including pregnant women and HIV-infected individuals. The vaccine cannot result in influenza infection as there is no live virus contained within the vaccine. Some persons experience mild fever and local pain at the injection site. Overall the vaccine has an excellent safety record.

# Die jongste statistieke oor korona-virus

**Met publikasie, was die jongste Covid-19 statistieke wat Woensdagaand deur Dr Zweli Mkhize, minister van gesondheid, bekend gemaak is, dat 1845 persone positief getoets is vir die koronavirus. Dit was 'n styging van 96 van die vorige dag. Altesaam 18 mense het reeds gesterf.**

Provinsie gewys staan die syfers soos volg: Gauteng - 782; Wes-Kaap - 495; Kwa-Zulu Natal - 354; ;Vrystaat - 88; Oos-kaap - 45; Limpopo - 21; Mpumalanga - 21; Noordwes - 15; Noord-kaap - 13.

Persone van provinsies nog onbekend - 11.

Die 18 persone wat oorlede is: 48-jarige vrou van Wes-Kaap; 85-jarige man van Vrystaat; 79-jarige man van Gauteng; 46-jarige vrou van Kwa-Zulu Natal; 74-jarigeman van Kwa-Zulu Natal; 63-jarige vrou van Kwa-Zulu Natal; 81-jarige vrou van Kwa-Zulu Natal; 80-jarige vrou van Kwa-Zulu Natal; 80-jarige man van Kwa-Zulu Natal; 82-jarige vrou van Wes-Kaap; 86-jarige man van Kwa-Zulu Natal; 57-jarigeman van Wes-Kaap; 60-jarige man van Kwa-Zulu Natal; 55-jarigeman van Vrystaat; 77-jarige man van Vrystaat; 49-jarige man van Gauteng; 52-jarige man van Gauteng; 70-jarige man van Kwa-Zulu Natal.



# Storietyd saam met:

## *Tannie Aspatat*

**LIEWE KINDERS**

My naam is tannie Aspatat. Baie, baie jare gelede het ek vir 'n tydjie op Bredasdorp gewoon. Toe het ek in 'n pampoenhuis in die berg gewoon - daar waar die Heuningberg natuurreservaat vandag is.

Daardie tyd het ek gereeld met kinders gesels, briefies vir hulle geskryf, raaisels uitgeruil en sommer partykeer 'n storie vir hulle vertel. Baie van daardie kindertjies is al grootmense vandag en dalk jou mamma en pappa ook.

Ek wil graag weer in hierdie omgewing so tussen die fynbos vertoef. Hoe lank, sal afhang of julle kindertjies vir my gaan lief wees en vir my gaan briefies skrywe, want weet julle dat kinderliefde my aan die gang hou.

**BIBLIOTEEK**

Ek kuier baie graag in julle biblioteek - dis nou saans as almal al huis toe is en alles stil is. Daar is darem die pragtigste storieboeke. Maar weet julle wat het ek agtergekom? Daar is van daardie pragtige boeke wat al jare op die rak sit en niemand lees hulle nie. Ek wil elke week in Suidernuus vir julle van party van daardie boekies vertel, want ek weet julle het so baie dinge om te doen, dat julle nie altyd die tyd het om daardie boekies te soek nie.

**MAAR . . .**

. . . nou moet julle ook iets doen. Ek weet mos nie waavan julle hou nie.

Luister nou mooi na my plan. Ek het vir die tannie by die Suidernuus gevra om vir my 'n plekkie te gee waar ek my possak kan ophang en dan kan julle mos julle briefies vir my daarin "pos". Ongelukkig, omdat daar 'n nare ou virus deesdae hier in ons land rondsluip, moet almal mos nou by die huis bly en die koeranttannie ook. So nou moet julle vir mamma of pappa vra om jul briefies af te neem met die selfoon se kamera en dan te stuur na die nommer 072 308 4140 tot die koeranttannie se kantoor weer oopmaak.

**JOU NAAM**

Julle moet asseblief tog seker maak dat as jy 'n briefie kom afgee of die selfoonboodskap stuur, jou naam en van en hoe oud jy is, daarop verskyn. Julle kan my vertel van 'n boetie of sussie, van die skool, of sommer net raaisels vra. Julle kan ook vir my tekeninge maak, want die oom by die koerant het beloof om vir ons 'n plekkie in sy koerant te gee. Elke week gaan ons lekker saamkuier en gesels op daardie blad.

Tot volgende keer

***Tannie Aspatat***

# *No legs / Nou worries*

**Aangesien April aangewys is as die maand om meer kennis op te doen oor amputasies en amputees, deel ek graag die volgende met die lesers.**

Amputasies kom in verskillende fasette voor. Party mense het dalk net 'n lit van hulle vinger verloor as gevolg van 'n fratsongeluk terwyl ander weer 'n ledemaat weens diabetes verloor het of selfs 'n ongeluk. Daar is soveel oorsake.

In my geval is my amputasies weer baie hoog. Hulle noem dit bilaterale heup disartiekulasie, met ander woorde, beide jou bene word uit jou heupe uitgehaal.

Ek het dan ook nog my verlamming T12 L1 fraktuur en 'n drukseer wat daarmee gepaard gaan. Dit maak dit dus dubbel moeiliker as 'n persoon wat 'n normale amputasie het.

Daar is baie emosies wat 'n mense moet troef in die situasie. Elkeen s'n is uniek, en elkeen hanteer dit anderste.

Een van die groot beproewings is jou spook pyne, jou bene brand, jou voete brand, alles is baie ongemaklik, en dit is omdat die brein nog steeds die boodskap deurgee dat jou ledemate daar is. Party dae wil jy skreeu van die pyn.

**Hoe verwerk jy dit?**

Jy leef daarmee saam. Geen pynmiddel neem dit weg nie. Ek persoonlik probeer my gedagtes kanaliseer na positiewe dinge, maar vertrou my, dit bly daar.



Anton Franken

**Verbeel jou die volgende:**

* Jy sit in 'n stoel en jou bene voel of dit aan die brand gesteek word. Jy kan niks daaraan doen nie.

* Jy moet psigies baie sterk wees anders gaan dit jou van jou kop af dryf. Wanneer jy weer iemand raakloop sonder ledemate of iemand in 'n rolstoel sonder ledemate sien, besef hoe bevoorreg en geseënd jy is, want dit is nie elke dag maklik nie. *Groete*

**Tel: (028) 424 1205**
**Faks: (028) 425 1237**

| **BESPREKINGS:** Dinsdae 17h00 | **BOOKINGS:** Dinsdae 17h00 |
|---|---|
| **BETALING:** Dinsdag 17h00 | **PAYMENTS:** Dinsdag 17h00 |

# SOEKHOEK



**Tarief:** R1.90 per woord, met 'n minimum bedrag van R19.00 (BTW ing.)
**Sosiale Foto's:** R25

**Tariff:** R1.90 per word, with a minimum cost of R19.00 (VAT incl.)
**Social Photo's:** R25

**KWOTASIE OP "SMALLS" SLEGS PER TELEFONIESE NAVRAAG BESKIKBAAR**

**Gesondheid / Skoonheid**

**INTEGRATED HERBAL CLINIC**
**26 Brand Street, Bredasdorp**
• Body Scans / Liggaam-skanderings
• Treatments / Behandelings
• Herbal Products / Kruie Produkte
• Qualified Health Practitioner, Herbalist, Iridologist
For appointment / Vir afspraak
**084 499 0099**
10/04

**Diere / Animals**

African Grey babas. Hand grootgemaak. Reg om te leer praat.
**083 488 3012**

**Te Huur / To Let**

**TOESLUIT MOTORHUISE**
Vir bote en karavane
**082 389 9710**
**083 250 5066**
**Faks: 028 435 7983**

**SUIDERNUUS**
**028 424 1205**

**JP's Storage**
**028 425 2545**

**Suidpunt Storage**
Brandstraat
Bredasdorp
**076 412 8422**

Kantoorruimte te huur. Beskikbaar vanaf 1 Mei 2020.
**028 425 2545**
T/K

**Vermaak / Entertainment**

**PAINTBALL BESPREKINGS**
**083 250 5066**

**Voertuie / Vehicles**

**TREU MOTORS**
**Treustraat 4, Swellendam**
**082 345 0297**
**Clive Treu**
Soek voertuie om te koop. Onmiddellike eienaarsverandering. Toe Sondae.
26/06

**THE VEHICLE TRADER**
Ek koop voertuie vir kontant.
**Jako - 082 745 4145**
T/K

**Wetenswaardig / Worth Knowing**

Skerpmaak van messe en skêre.
**Piet-Steyn Marais**
**083 605 4639**

**PAVING PLAVEISEL**
**Bou, Verf & Algemene Herstelwerk**
Jan Wiehman
082 695 9780

**BIRD PROOFING**
**066 577 5705**
**info@rustix.co.za**
29/05

**THE HANDYMAN**
**Mike Munro**
**082 927 7014**

**SWEISWERKE**
Diefwerings, skuifhekke, veiligheidshekke, omheinings. Galvanizing. Herstelwerk, braaidromme
**Renier 072 550 3460**

**GARDEN CLEANUP**
**066 577 5705**
**info@rustix.co.za**


# NSRI to remain operational during 21 days Lockdown period

***NSRI appeal to everyone to adopt a safety conscience mindset during the lockdown.***

The NSRI will remain fully operational and in service to respond to emergencies during the Covid19 lockdown. Please note the NSRI emergency contact details: National 112 from your cell phone and 087 094 9774. Sea Rescue local emergency numbers are posted on the NSRI home page www.nsri.org.za

All precautions and protocols as directed by the Department of Health are being adhered to during rescue operations and this includes operations involving patient evacuations off ships.

The NSRI is appealing to the public to remain safe during this time. Water related emergencies at home may include something as simple as a child falling into a bucket of water and drowning. Precautions should be applied to maintain home safety. A home swimming pool should have child proof barriers to prevent children's unsupervised access to the pool. Supervision for children around water should be strictly adhered to.

As a NPO or Non Profit Organisation, the NSRI relies on public funding to continue saving lives. Their telemarketing team are now working virtually from home in our effort to keep raising the much-needed funds to remain operational. Do visit the NSRI website; https://www.nsri.org.za/funding/donate/ and to make a donation – however small — to help keep them afloat so that they can continue to respond to emergencies at sea and on inland waters and in their support to land based emergency services during the Covid19 Pandemic.


**AACL 082 898 0787**








SUIDERNUUS SOUTHERN POST
AGTERBLAD • AGTERBLAD • AGTERBLAD

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Family Values, Values for the whole Family
Bredasdorp
Besigheidsure:
Maan tot Vry: 07h30 -18h00
Sat: 08h00 - 13h00
Son & Vakansiedae: 11h00 - 13h00
Tel: 028 425 1558
Noodnommer: 082 775 9521

# So pas ons mense aan in hierdie vreemde nuwe wêreld van ons!

**Al die groot momente in mense se lewens word gewoonlik plegtig en met oorgawe saam met vriende en familielede gevier. Een van hierdie geleenthede waarna gewoonlik reikhalsend uitgesien word, is die grade- of sertifikaat-plegtighede van universiteite of kolleges.**

Sedert die noodtoestand in Suid-Afrika aangekondig is, het verskeie plegtighede al in die slag gebly. Dit wil egter voorkom asof ons mense hulle nie deur veranderde omstandighede en inperkings laat onderkry nie. Die Visser-gesin van Bredasdorp is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

### Bredasdorpers laat hulle nie onderkry deur #Lockdown nie!

The private Hotel School buite Stellenbosch, se jaarlikse gradeplegtigheid sou om 14h00 op Vrydag, 20 Maart plaasvind. Een van hierdie studente, oud-BD Bea-Marie Visser van Bredasdorp, sou op daardie dag saam met haar medestudente beloon word vir harde werk en toewyding. As voorsitter van die Studenteraad en akademiese top presteerder, was die toespraak wat sy by hierdie geleentheid sou lewer ook reeds geskryf! En toe kom klop #lockdown aan die deur en hierdie geleentheid word gekanseleer.

Niks kon die kreatiewe gesin egter keer om 'n gradeplegtigheid soos min vir haar te laat plaasvind nie. Saterdag, 4 April was die groot dag. Stoele is uitgepak en die tafel is gedek met 'n blarekrans, blomme, vonkelwyn en versnaperinge met die hele gesin, hulle twee honde, twee katte en 'n hele span hoenders daarby as gaste.

### Graduation Chicken en #Lockdown ...

Die glase het hulle versier met akademiese hoedjies terwyl Bea-Marie haar ouma, Annatjie Joubert, se akademiese drag van 1961 aangetrek het. Die amptelike brief van The Private Hotel School se Besturende Direkteur, Mike Koch, is voorgelees, en daarna kon Bea-Marie ook haar eie sorgvuldig voorbereide toespraak lewer!

*"Dit was 'n heerlike intieme geleentheid wat ons as gesin kon deel met mekaar! Die vonkelwyn prop is gepop en klomp foto's is geneem om die geleentheid te deel met familie en vriende en ons spyskaart bestaande uit Butter Chicken, Basmati rys en Naan brood, staan nou bekend as "Graduation Chicken,"* aldus ma Marietjie Visser wat nie uitgepraat kon raak oor hierdie baie besondere tuisgemaakte familie geleentheid nie!

*Suidernuus het 'n voëltjie hoor fluit dat daar nog Bredasdorpers is wat of reeds hulle eie "Gradeplegtighede" gereël het of dit nog gaan doen. Stuur daardie fotos en brokstukkies inligting en deel dit met ons en met die ander lesers!*

**Ora Laubscher**




**Rudi en Marietjie Visser se dogter Bea-Marie sou op 20 Maart om 14h00 by geleentheid die Private Hotel School buite Stellenbosch se gradeplegtigheid as top akademiese presteerder haar sertifikaat ontvang het. Sy sou ook as studenteraadsvoorsitter 'n toespraak lewer. Die toespraak was gereed, maar toe kom kelder die onwelkome virus sommer alles! Die gesin Visser het egter nie op hulle laat wag nie en het soos verskeie ander gesinne en ouerpare wat in die selfde bootjie sit, besluit dat geen virus en geen "lockdown" in die pad van so 'n heuglike gebeurtenis gaan staan nie. As gesin het hulle koppe bymekaar gesit en plan gemaak en op Saterdag, 4 April het die hele gesin plus 2 honde en 2 katte saam met Bea-Marie haar groot dag gevier!**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 6 | 3 | 9 | 2 | 5 | | |
| | | 2 | 5 | | 1 | 3 | | |
| | 1 | | | | | | 2 | |
| 5 | | | 1 | | 6 | | | 7 |
| | | 1 | | | | 2 | | |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 6 |
| | 3 | | | | | | 1 | |
| | | 4 | 2 | | 7 | 8 | | |
| | | 8 | 6 | 3 | 5 | 4 | | |

*From: The Soduko Challenge, publisched in 2005 by Bounty Books*

**Stuur sportnuus na suidernuusads@isat.co.za**




| APR | | HOOG | | LAAG | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 | Vry/Fri | 0440 | 1706 | 1056 | 2304 |
| 11 | Sa/Sat | 0522 | 1748 | 1139 | 2349 |
| 12 | Son/Sun | 0605 | 1834 | 1223 | ---- |
| 13 | Ma/Mon | 0653 | 1930 | 0040 | 1315 |
| 14 | Di/Tues | 0758 | 2056 | 0148 | 1430 |
| 15 | Wo/Wed | 0941 | 2247 | 0331 | 1624 |
| 16 | Don/Thurs | 1130 | ---- | 0519 | 1757 |

